

roeriger, met mooi oë en 'n mooi voorkoms. En Yahweh sê: Staan op, salf hom, want dit is hy. 13 Shemuél neem toe die horing met olie en salf hom te midde van sy broers, en die Gees van Yahweh het van daardie dag af en verder oor Dawied vaardig geword. En Shemuél het klaargemaak en na Ramah gegaan. 14 Maar die Gees van Yahweh het van Shaúl gewyk, en 'n bose gees, deur Yahweh gestuur, het hom verskrik. 15 Toe sê die dienaars van Shaúl vir hom: Kyk tog, 'n bose gees van Elohiem verskrik u: 16 laat ons meester net sê, en u dienaars wat voor u staan, sal 'n man soek wat op die siter kan speel; en as die bose gees van Elohiem oor u is, moet hy speel met sy hand, dan sal dit beter met u word. 17 Daarna sê Shaúl aan sy dienaars: Kyk tog vir my uit na 'n man wat goed kan speel, en bring hom na my. 18 En een van die dienaars antwoord en sê: Kyk, ek het 'n seun van Yieshai, die Betlegemiet, gesien wat kan speel, en hy is 'n dapper held en 'n vegter en wel ter tale en mooi gebou, en Yahweh is met hom. 19 Toe het Shaúl boodskappers na Yieshai gestuur en gesê: Stuur tog jou seun Dawied wat by die skape is, na my. 20 Yieshai neem toe 'n esel, brood en 'n leersak met wyn en 'n bokkie en stuur dit met sy seun Dawied na Shaúl. 21 So het Dawied dan by Shaúl gekom en voor hom gestaan; en hy het hom baie liefgekry, sodat hy sy wapendraer geword het. 22 Daarna het Shaúl na Yieshai gestuur om te sê: Laat Dawied tog voor my staan, want hy het guns in my oë gevind. 23 En net wanneer daar 'n gees van Elohiem oor Shaúl kom, neem Dawied die siter en speel met sy hand; dan voel Shaúl verlig en word beter, en die bose gees wyk van hom.

1 Shemuél / Samuel 17:1 En die Pelieshtyne het hulle leër versamel vir die oorlog en byeengekom by Sogo wat aan Yehudah behoort, en kamp opgeslaan tussen Sogo en Azekah in Efes-Dammien. 2 Maar Shaúl en die manne van Yiesraël het byeengekom en kamp opgeslaan in die dal van die terpentynboom en hulle vir oorlog gereed gemaak teen die Pelieshtyne. 3 En die Pelieshtyne het duskant teen die berg en die Yiesraëliete oorkant teen die berg gestaan, sodat die dal tussen hulle in was. 4

Toe kom daar 'n baasvegter uit die kampe van die Pelieshtyne, met die naam van Gholyat, uit Ghat; sy hoogte was ses el¹ en 'n span². 5 Daar was 'n koperhelm op sy hoof, en hy het 'n pantser van skubbe aangehad – die gewig van die pantser was vyf duisend shekels³ koper – 6 en skeenplate van koper was aan sy bene en 'n koperlans tussen sy skouers. 7 Die steel van sy spies was soos 'n wewersbalk, en die lem van sy spies was van ses honderd shekels yster, en die skildraer het voor hom uit geloop. 8 En hy het gaan staan en roep na die leërafdelings van Yiesraël en vir hulle gesê: Waarom trek julle uit om julle vir oorlog gereed te maak? Is ek nie die Pelieshtyn, en julle dienaars van Shaúl nie? Kies vir julle 'n man uit, dat hy na my toe afkom. 9 As hy teen my kan veg en my verslaan, sal ons julle slawe wees; maar as ek hom oorwin en hom verslaan, moet julle ons slawe wees en ons dien. 10 Verder sê die Pelieshtyn: Ek daag die leërafdelings van Yiesraël vandag uit! Gee my 'n man, dat ons saam kan veg. 11 Toe Shaúl en die hele Yiesraël hierdie woorde van die Pelieshtyn hoor, was hulle verskrik en baie bevrees. 12 En Dawied was die seun van daardie Efratiet, uit Betlegem-Yehudah, met die naam van Yieshai; hy het agt seuns gehad, en die man was in Shaúl se dae oud, op jare gekom onder die manne. 13 Maar die drie oudste seuns van Yieshai het Shaúl al in die oorlog gevolg; en die name van sy drie seuns wat in die oorlog gegaan het, was: Eliáv, die oudste, en sy tweede, Avinadav, en die derde, Shamma. 14 Dawied was die jongste, terwyl die drie oudstes Shaúl gevolg het. 15 En Dawied het heen en weer gegaan van Shaúl om die kleinvee van sy vader in Betlegem op te pas. 16 En die Pelieshtyn het smôrens vroeg en saans nader gekom en gaan staan, veertig dae lank. 17 Toe het Yieshai aan sy seun Dawied gesê:

¹ 16:4 Een el is die afstand van die elmboog tot die vingerpunte, ongeveer 445 mm. Hierdie afmetings kom neer op 'n lengte van om en by drie meter.

Volgens die LXX, Josephus en 'n Qumran weergawe van 1 Shemuél, was sy lengte vier el en 'n span.

² 16:4 'n Uitgestrekte hand, van duim tot pinkie.

³ 17:5 Een shekel weeg ongeveer 10 gram.